Towerlantern Fotografie

fotografienuus

januarie 2018

"Indringer in feetjieland"
Lensopening f2.8; Sluiterspœd 1/160 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Ons staan aan die begin van 2018. Seënwense vir hierdie jaar en mag jy elke dag die seën van die Here ondervind. Mag jou lewe net vrede en vreugde wees. Mag jou fotografie van krag tot krag gaan en mag jy elke oomblik daarvan geniet.
Saam met hierdie nuwejaarswens neem ons aan dat daar allerlei fotografie-voornemens aan jou kant is. Van ons kant wil ons help en ons nœm 'n paar sake wat in die loop van die jaar gaan gebeur en wat jou kan help met jou voornemens.
Ons beplan om DV onder andere aandag te gee aan die volgende:

- Eerstevlak-kursusse elke kwartaal
- Tweedevlak-kursusse elke semester
- 'n Foto-uitstalling in die tweede semester
- Korter of langer uitstappies

Lees in hierdie uitgawe nog meer oor die betowering in foto's, veral tœgepas op stillewe-foto's, en maak gebruik van die riglyne wat ons gee.
Hœ presies is jy in jou daaglikse werk? Of dit nou wiskunde of musiek is, jy sal saamstem dat presisie belangrik is. Mœt dus nie ons artikel oor presisie laat verby gaan nie.

Voorbladfoto

In die vorige uitgawe van *Fotografienuus* het ons daaroor gepraat dat 'n fotograaf altyd die onverwagse mœt verwag. En ons het 'n paar foto's gewys en daaroor gesels. Die voorbladfoto van hierdie uitgawe, *Indringer in feetjieland*, is nog so 'n onverwagse foto. Die bedœling was nie om indringers te vang nie, maar skielik was dit net daar met spinnerak en al. En met hierdie treffende titel is die hoop dat dit 'n trefferfoto is.

Die tegniese besonderhede van die foto word gegee. Let verder ook op na die volgende:

- Die spindrade in die foto is nie oral skerp nie weens die baie vlak velddiepte (lensopening f2.8) en
- die agtergrond bestaan uit kwashale wat verder bydra tot die betowering-karakter van die foto.

Volgende kursusse

Op enige tydstip is ons by Towerlantern met minstens twee van die volgende vier fotografiekursusse aan die gang:

- 'n Eerstevlakkursus in Potchefstroom. Die volgende eerstevlak-fotografiekursus begin reeds op 10 Januarie en duur tot 6 Februarie. Daar word tipies vier sulke kursusse per jaar aangebied, een per kwartaal.
- 'n Gevorderdevlakkursus in Potchefstroom. Die volgende een begin op 14 Februarie en duur tot 7 November. Daar word tipies twee sulke kursusse per jaar aangebied, een per semester.
- 'n Aanlyn-eerstevlakkursus. Dié kursus is deurlopend, en kan op enige tydstip begin word. Sodra die inskrywingsgeld betaal is en die registrasie gedœn is, begin die kursus.
- 'n Aanlyn-gevorderdevlakkursus. Ook dié kursus is deurlopend, wat beteken dat sodra die inskrywingsgeld betaal is en die registrasie gedœn is, die kursus begin.

Die studente van die eerstevlakkursus kan met die gevorderde kursus aangaan. Die aanlynkursusse het die voordeel dat dit wêreldwyd aangebied word. In hierdie tyd waar Afrikaans oral uitgewerk word (met die Universiteit van die Vrystaat die jongste voorbeeld) is dit lekker om te weet dat hierdie kursusse in Afrikaans beskikbaar is, van Argentinië tot Ysland, by wyse van spreke.

Riglyne: Stillewe met betowering

Ons beplan om elke maand 'n stel riglyne te gee vir die fotografering van een of ander foto-onderwerp. Die bedœling is om die kamera-instellings resepmatig te gee om jou sodœnde te help om op dreef te kom.

Ons gesels hierdie maand oor stillewes met betowering. Ons sal die begrip "stillewe" redelik wyd verstaan. Dit kan 'n opgestelde stillewe wees of 'n gevinde toneel. Met "gevinde toneel" word bedœl dat dit 'n toneel is wat reeds reg staan en as't ware net wag om afgeneem te word, soos die voorbladfoto. Kry dus 'n toneel met betowering reg. Lees hiervoor weer die riglyne wat in die Desember-uitgawe van *Fotografienuus* gegee is.

Aanvaar nou::

- die foto-toneel is reeds opgestel
- die kamera is op 'n driepoot en
- daar is 'n redelike komposisie en fokussering gedœn.

Volg dan hierdie voorskrifte:

- *Tipe lens:* Maak self 'n keuse. 'n Makrolens kan handig wees.
- *Portret-/Landskapformaat:* Kies die formaat volgens behœfte.
- *ISO:* Hou die ISO-waarde laag. Verhoog dit slegs as dit nodig is.
- *Witbalans:* Maak seker van die eksterne beligting en eksperimenteer deurgaans met spesiale effekte in gedagte.
- *Keuse van fokuspunt:* Mœnie vergeet dat jy met stillewefotografie besig is nie. Kies dus 'n geskikte fokuspunt of -omgewing. In die geval van betowering kan jy besluit dat jy wel net enkele punte in fokus wil hê.
- *Lensopening:* Tipies is die velddiepte klein; gebruik dus 'n groot lensopening.
- *Sluiterspœd:* Gebruik soos altyd die liniaal vir die korrekte beligting.
- *Fyn fokussering:* Mœt weereens nie vergeet dat jy met nabyfotografie besig is nie. Fokusseer dus reg en op die regte plek.

Ons hoop jy kom reg. Jy is welkom om enige tyd te bel en navraag te dœn. Ons sluit af met die volgende: Om betowering in foto's weer te gee, het jy self betowering (in die vorm van inspirasie) nodig. Dit kom nie noodwendig maklik en vanself nie. Een manier is om in œfening te kom, en dalk is jy gelukkig om 'n foto soos die meegaande te kry.

Nog 'n manier om op hierdie pad te kom en te bly is om na kunswerke met betowering te kyk. Besœk dus ook onder andere kunsfotograwe se webblaaie. Die foto's van Sue Bryan (http://www.suebryanphotography.com/) is die mœite werd om te bestudeer (hœwel nie alle foto's stillewes is nie).

PRESISI ... Presisie ... *Presiesi...* Presiesie

Ons beklemtoon altyd skerpte in foto's. En almal stem saam dat dit 'n belangrike fotografiese saak is. Daar is natuurlik nog baie ander sake by die neem van foto's wat ook belangrik is. Die punt wat ons wil maak is dat as jy gœie foto's wil neem, dan mœt daar noukeurigheid en presisie wees in wat jy met jou kamera dœn.

Almal sal ook saamstem dat daar veel meer dinge in die lewe is waar noukeurigheid belangrik is. In Wiskunde byvoorbeeld is daar 'n groot verskil tussen x^2 en x^3, of tussen spœd en snelheid. En elkeen sal uit sy/haar eie werksterrein talle voorbeelde kan aanhaal. Die punt wat ons wil maak is dat as jy gœie werk wil verrig, dan mœt jy noukeurig wees in wat jy met jou werk dœn.

Jy sal ook saamstem: As jy met jou motor ry, gebruik jy die koppelaar só dat die kar nie rukkerig wegtrek nie. Ook stop jy by 'n stop; jy ry nie oor 'n rooi robot nie, ensovoorts. Die punt wat ons wil maak is dat as jy gemanierd wil ry, dan mœt jy noukeurig wees in wat jy met jou motor dœn.

Stem jy nog saam? Ons hoop so: Ons hou daarvan om 'n fotografiekurses by te woon. Dis altyd intresant. Ek hou lings as ek met my moter na 'n klas tœ ry. En ek vra onverskoning as ek huidiglik nie 'n klas kan bywoon nie. Ek sal die verskooning baie wardeur.

Teen hierdie tyd snap jy sekerlik die punt; en hopelik stem jy nog saam: Ons streef daarna om presies te wees in fotografie, en ook nog in baie ander sake, maar as dit by ons taal kom, dan is die noukeurigheid daarmee heen! Die punt wat ons met hierdie *refrein* wil maak is dat as jy jou taal wil praat, dan mœt jy ook noukeurig wees in hœ jy dit skryf.

As ons met hierdie opmerking maar net een persoon kan motiveer om mœite te dœn om korrek te spel, dan het ons al een persoon vir ons taal gewen. Vir taalpret en -plesier kan jy die Beter Afrikaans-app aflaai op jou selfoon.

Painting with a lens



Die kuns van gœie fotografie is dat jy nie net 'n foto van die werklikheid *neem* nie maar dat jy dit eerder *skep*; en ook dat jy ook gevœl in die prent plaas. Dink maar aan wat 'n skilder dœn – die geskepte toneel is selde die presiese werklikheid, dit is veel eerder iets van die skilder self.
Dœn dit met jou foto's en kyk watter hoogtes jy bereik. Ons het voorheen gesels oor die bœk "Painting with a lens" van Rod & Robin Deutschmann. Die voorblad hierby is 'n treffende voorbeeld van hœ jy met jou kamera kan skilder. En hier is nie agterna-verwerking gedœn om dit so te kry nie.

Towerlantern Fotografie
– januarie 2018 –

Januarie se foto-uitdaging

Ons foto-uitdaging vir Desember het geen foto opgelewer nie. Ons begryp dat van ons lesers op vakansie is of gegaan het, of dat daar dalk nie so ver af in die teks gelees is nie, of dat die jaar bloot net sy tol geëis het. Ons herhaal dieselfde uitdaging dus vir Januarie.

Hier is dan die foto-uitdaging vir Januarie, en dit kan jou 'n prys van R300 in die sak bring. Die beoordelaars soek na die beste foto wat betowering uitbeeld. Die foto moet in die vorm van 'n miniatuur toneeltjie wees en dit moet geneem wees gedurende die tydperk 1 Desember 2017 tot 31 Januarie 2018. Lees weer die wenke wat in die vorige maand se *Fotografienuus* gegee is.

facebook

Towerlantern Fotografie

Towerlantern Fotografie se basiese bedoeling, en ook die oorspronklike rede waarom dit tot stand gekom het, is om opvoedkundig van aard te wees. En dit geld in die besonder ook vir Towerlantern se Facebook-blad. Die Facebook is dus allermins 'n kletsblad – en ons noem hierdie saak, want daar is baie mense wat juis om dié rede 'n onliefde vir Facebook het. Maak asseblief dus maats met Towerlantern Facebook en kyk na die verskillende foto's en sake.

Ons sê Towerlantern se Facebook is opvoedkundig van aard. Daarmee word nie bedoel dat dit leeragtig (pedanties as jy wil) of voorskriftelik wil wees nie. Dit bedoel wel om vol allerlei interessante en leersame dinge te wees.

Ons het weekliks 5 rubrieke volgens die onderstaande patroon:

Maandag: Foto's van ons fotovriende
Dinsdag: Kunsfotografie
Woensdag: Kamera- en fotowenke
Donderdag: Uit die verlede
Vrydag: Op internet gesien

Die temas by hierdie rubriekindeling spreek vir hulself en behoort duidelik te wees. Dit is ook dieselfde as wat dit die afgelope maande was. Geniet dit, deel dit, en lewer gerus kommentaar. Jou bydrae sal altyd welkom wees.

wenk

As jy jou kamera by die huis vergeet het, of die batterye is pap... Haal jou selfoon uit! Meeste moderne selfone het allerlei funksies - speel vooraf daarmee rond!

Op internet gesien

Een van ons weeklikse Facebook-rubrieke is "Op internet gesien". Miskien is dit juis nie jou sterkte om op internet rond te swerf nie. Laat dit dan aan 'n jonger persoon oor om dit vir jou te doen, in hierdie geval Fransa Vorster, een van die administrateurs van Towerlantern se Facebook en ook die versorger van Fotografienuus.

Die soekenjin Bing, het elke dag 'n treffende agtergrondfoto. Blaai gerus daardeur by https://www.bing.com/ en verlustig jou in die interessante foto's. 'n Onlangse foto is geneem deur Per-Gunnar Ostby van makaakape in Japan se Jigokudani Aappark.

Wonder jy hoe foto's van stillewe-items geneem moet word sodat daar net 'n witheid in die agtergrond is? Het jy al gesukkel om so iets reg te kry? Moenie moedeloos word nie – die internet sal jou wys hoe.

Die idee is om 'n ligboks te bou. So 'n ligboks kan gebruik word om items af te neem, maar met 'n eenvormige agtergrond sodat dit dan vir produkfotografie gebruik kan word.

Kyk gerus by https://www.photoblog.com/learn/20-photography-hacks-will-get-amazing-results/ en ook nog vir ander fotografie-aktiwiteite en idees!

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs